

Hoofstuk van die dag: Daniël 7

> *My nagtelike visioen het voortgeduur: daar het in die wolke iemand aangekom, iemand soos ’n menslike wese. Hy het na Hom toe gegaan wat ewig lewe en is voor Hom gebring. (vers 13)*

’n Baie belangrike uitgangspunt vir die korrekte verstaan van

hierdie gedeelte is dat ons hier met ’n apokaliptiese inkleding van die geskiedenis te make het en nie met profesieë (oor die toekoms) nie. Die skrywer (wat in die tweede eeu vC geleef het) beskryf die geskiedenis van die wêreld en van Israel sedert die ballingskap tot met sy eie tyd en gebruik Daniël as mondstuk om dit te doen. Deur hierdie bekende Godsman uit die verlede aan die woord te stel, kry die skrywer dit reg om anoniem te bly, en kan hy sonder vrees vir vervolging die gruwels van die goddelose koning Antiogos IV Epiphanes (175-164 vC) aan die kaak stel en die oordeel van God oor sy ryk aankondig.
“Iemand soos ’n menslike wese” (letterlik “seun van ’n mens”) dui op die koms van Christus, wat Homself dikwels só genoem het (o.a. Matt 8:20). Hý is die Een wat aardse koninkryke omverwerp (vers 14) en ’n ewige heerskappy kom oprig het en tot in ewigheid sal regeer. By Hom is ons veilig.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026